
**37 Bron van al wat goed en skoon is**




Van omhoog is U soos reën,so oorvloedig uitgestort!
En ‘n ryke hemelseën, vloei waar U gehoorsaam word.
Keer tot my, help my besin; reinig my, kom in my in;
heilig al my power kragte; ek is steeds u hulp te wagte.

U, U is die beste gawe, wat ons hart ooit kan verlang;
aardse rykdom, skat of gawe kan U nooit, nee, nooit vervang.
Kruisig U my oue sin; neem geheel my lewe in,
dat ek al my lewensdae, strewe na u welbehae.

Onbekend L. Bourgeois (1510-61)